POLICY 011/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **BESKIKBAARSTELLING VAN GRAFTE AAN HULPBEHOEWENDE PERSONE**

REFERENCE/VERWYSING: **16.6.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **26/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om aan hulpbehoewende naasbestaandes van 'n oorledene 'n bekostigbare graf beskikbaar te stel en te help met ‘n gratis graf aan meriete gevalle.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken sy maatskaplike verantwoordelikheid deur werklike hulpbehoewendes te help om ‘n graf te bekom deur ‘n verminderde tarief te betaal en om gesinne wat nie die kostes kan betaal nie te help met ‘n gratis graf.

RIGLYNE

'n Oorledene wat nie kwalifiseer vir 'n hulpbehoewende begrawing soos bepaal deur wetgewing nie, maar wél kwalifiseer in terme van die Hulpbehoewende Beleid, se naasbestaandes kan ondersteun word deur ‘n verminderde tarief te betaal en ‘n gesin wat nie die kostes kan betaal nie en bevestig kan word deur die Raadslid te help met ‘n gratis graf.

PROSEDURE

1. Aansoekers, wat kwalifiseer in terme van die Raad se Hulpbehoewende Beleid neem die bewys van hulpbehoewende registrasie of bevestiging van Raadslid dat persoon hulpbehoewend is na Parke Afdeling om gehelp te word om die verminderde tarief te betaal om ‘n graf te kry.

2. Meriete aansoeke word deur die betrokke Raadslid, na die Munisipale Bestuurder geneem vir goedkeuring.

3. Die goedgekeurde aansoekvorm word na die Parke Afdeling deurgegee, wat 'n grafperseel aan die oorledene toeken.

ROLLE

Die Parke Afdeling is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID

1. Hulpbehoewende begrawings of verassings van oorledenes met geen naasbestaandes.
2. Hulpbehoewende beleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige besluite in hierdie verband herroep word.